

**Elize Vos, Carisma Nel**

en

**Ria van den Berg**

Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

# Assessee leesbegripstoetse werklik leesbegrip?

## Opsomming

In hierdie artikel word die vraag gestel of leesbegripstoetse, wat volgens onderwysdepartementele voorskrifte opgestel is, werklik leesbegripsvlakke assessee. Riglyne van die Nasionale Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (Suid-Afrika, 2011) is gebruik om twee gelyksoortige leesbegripstoetse (drie tekste elk), wat uit dieselfde tekstipes bestaan, maar handel oor verskillende temas, op te stel om Afrikaanssprekende graad 9-leerders, uit verskillende geografiese gebiede van 'n onderwysdistrik, se leesbegripsvlakke te bepaal. Die moeilikheidsgraad van die leestekste is met leesbaarheidsindekse bepaal en 'n 40-40-20%-verspreiding van kognitiewe vlakke is in die vraagstelling gevolg. Bo en behalwe die berekening

van gemiddeldes, frekwensies en persentasies is die Cronbach Alpha-koëffisiëntwaardes en die gemiddelde interitem-korrelasiewaardes vir elkeen van die drie tekste binne die twee tematies verskillende leesbegripstoetse vasgestel en leesbegripstoetse se vroeë is volgens Bloom se kognitiewe vlakke vergelyk. Die hoofbevinding is dat leerders se leesbegripsvlakke nie akkuraat deur tipiese leesbegripstoetse geassessee word nie, omdat hulle leesbegrippunte in 'n mindere of 'n meerdere mate op verskillende wyses gekontamineer word.

**Slutelwoorde:** assessering, kognitiewe vlakke, leesbaarheidsindekse, leesbegrip, Nasionale Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring

**Elize Vos, Carisma Nel and Ria van den Berg**

North-West University (Potchefstroom Campus)

# Do reading comprehension tests actually assess reading comprehension?

## Abstract

In this article the question is posed whether reading comprehension tests, compiled in accordance with department of education prescripts, actually assess reading comprehension levels. Guidelines of the National Curriculum and Assessment Policy Statement (South Africa, 2011) were used to compile two equivalent reading comprehension tests (three texts each), consisting of the same text types, on different themes, in order to determine the reading comprehension levels of Afrikaans-speaking grade 9 learners from different geographical areas of an education district. The degree of difficulty of the reading texts was determined by means of readability indexes and a 40-40-20%-distribution of cognitive levels was followed in the question statements. In addition to the calculation of averages, frequencies

and percentages, the Cronbach Alpha coefficient values and the average inter-item correlation values for each of the three texts within the two thematically different reading comprehension tests were determined, and the questions of the reading comprehension tests were compared in accordance with Bloom's cognitive levels. The main finding is that readers' reading comprehension levels are not accurately assessed by typical reading comprehension tests, seeing that their reading comprehension marks are contaminated to a lesser or a greater extent in various ways.

**Keywords:** assessment, cognitive levels, readability indexes, reading comprehension, National Curriculum and Assessment Policy Statement

## 1. Inleiding en probleemstelling

Die saak wat in hierdie artikel ondersoek word, is of tipiese onderwysdepartementele leesbegripstoetse leesbegrip akkuraat assessee. Zimmermann en Hutchins (2003:5) definieer leesbegrip as 'n doelgerigte proses van betekeniskepping. Betekeniskepping behels enersyds dat die leser met homself in gesprek tree oor die teks en andersyds dat die leser betekenis skep ten opsigte van die teks met inagneming van die leser se relevante agtergrondkennis vanuit sy bepaalde sosiale konteks.

Die navorsing waarop hierdie artikel gebaseer is, het ten doel gehad om die leesbegrip van 'n groot groep Afrikaanssprekende graad 9-leerders akkuraat te bepaal en met hulle leesmotivering, leeshoeveelheid en akademiese prestasie te vergelyk. Die swak punte (gemiddelde druppunt) wat die leerders vir die leesbegripstoetse behaal het, het – anders as wat verwag is – nie met hulle leesmotiveringsprofiel en ook nie met hulle akademiese prestasie in Afrikaans Huistaal en ander skoolvakke gekorreleer nie. Dit het die vraag laat ontstaan of hierdie leesbegripstoetse, wat presies volgens onderwysdepartementele riglyne en voorskrifte van die KABV opgestel is, die leesbegrip van die bepaalde groep leerders werklik akkuraat geassesseer het.

In hierdie artikel word die metodologie wat gevolg is om die leesbegrip van 'n groot groep Afrikaanssprekende graad 9-leerders akkuraat te probeer bepaal, sowel as die kritiese beoordeling van die onverwagte resultate en die soeke na wetenskaplike verklarings vir hierdie resultate beskryf. Hierdie kritiese beoordeling van die resultate bied terselfdertyd 'n antwoord op die vraag wat in die artikeltitel gestel is.

## 2. Metodologie vir die bepaling van leesbegrip

Eerstens word die studiepopulasie en die meetinstrumente wat tydens die navorsing gebruik is, asook die data-insameling en -analise bespreek. Daarna word 'n vergelyking van die twee leesbegripstoetse, asook die bevindinge ten opsigte van die assessering van leesbegripstoetse in die algemeen bespreek.

### 2.1 Studiepopulasie

Die studiepopulasie wat vir die bepaling van leesbegrip gekies is, is hoërskole uit verskillende geografiese gebiede in Onderwysdistrik X waarby Afrikaans Huistaal vir graad 9-leerders aangebied word. Die steekproef is doelgerig geselekteer. Die sewe hoërskole wat gebruik is, bied Afrikaans Huistaal op graad 9-vlak aan, het minstens 50 leerders in graad 9 en is verteenwoordigend van verskillende geografiese gebiede. Al die graad 9-leerders van die betrokke steekproefskole is as respondente gebruik. Altesaam 823 respondente het aan die studie deelgeneem.

## 2.2 Die meetinstrumente

Twee leesbegripstoetse is as meetinstrumente aangewend om die leesbegripsvlak van die respondente te bepaal. Die primêre outeur van hierdie artikel is 'n ervare eksaminator en nasiener vanweë jarelange onderwyservaring in die Senior en Voortgesette Onderwys- en Opleidingfase, asook jarelange betrokkenheid as hoofeksaminator van Afrikaans Huistaal vir die graad 12-Seniorertifikaateksamen. Sy het daarom self die leesbegripstoetse volgens onderwysdepartementele riglyne opgestel en deur ervare onderwysers laat verifieer. Die KABV (Suid-Afrika, 2011) is as riglyn gebruik om die leesbegripsvereistes vir die betrokke graadgroep te bepaal.

Die leesbaarheid van die informatiewe tekste (vergelyk Bylaag A) is hoofsaaklik bepaal met behulp van die Nuwe Dale-Chall-leesbaarheidsformule wat op woorde se moeilikheidsgraad, asook sinslengtes in die leesteks fokus eerder as om sillabes en aantal letters van woorde te tel (Chall & Dale, 1995). Die Flesch-Kincaid-, Gunning-Fog-, Coleman-Liau-, SMOG- en Geoutomatiseerde leesbaarheidsindekse, wat wel sillabes en aantal letters van woorde tel, is ook gebruik. Die gemiddelde leesbaarheidstelling van al hierdie leesbaarheidsindekse het aangetoon dat die tekste geskik is vir die bepaalde groep respondente, maar 'n leemte van hierdie leesbaarheidsindekse is dat dit nie die inhoudelike abstraksievlak van 'n teks in ag neem nie.

Bloom (1981) se taksonomie is gebruik vir die samestelling van 'n 40-40-20%-verspreiding van kognitiewe denkvlakke in die vraagstelling. Bloom se model stel ses kognitiewe vlakke voor wat volgens voorgeskrewe onderwysdepartementele riglyne in drie denkvlakke groepeer (vergelyk Tabel 1).

**Tabel 1: Opsomming van vraagstelling volgens Bloom se kognitiewe vlakke en departementele voorskrifte**

Bloom se kognitiewe vlakke en vrae van leesbegripstoetse	Voorgeskrewe indeling van denkvlakke	Totale puntetelling	Persentasie – %
<b>1, 2</b> (Vrae 1, 2, 3, 4, 5, 6, 14, 15 en 18.1)	1	12	40%
<b>3</b> (Vrae 7, 8, 9, 10, 17, 18.2 en 19)	2	12	40%
<b>4, 6</b> (Vrae 11, 12, 13 en 16)	3	6	20%
		30	100%

Die leestekste vir die twee leesbegripstoetse, wat 'n verskeidenheid tekstipes insluit, is uit tydskrifte en koerante verkry. Twee leesbegripstoetse is deur elke respondent voltooi. Leesbegripstoets 1 se leestekste handel oor bekender onderwerpe en Leesbegripstoets 2 se leestekste oor minder bekende, abstrakter onderwerpe. Dit is hoofsaaklik gedoen om te bepaal of minder bekende, abstrakter onderwerpe die respondente se leesbegrip beïnvloed. Die punteverspreiding per tekstipe en per vraagdenkvak van die twee leesbegripstoetse is identies sodat die leerders se punte vir die twee leesbegripstoetse en vir die onderafdelings daarvan vergelyk kon word. Elke afsonderlike vraag van Leesbegripstoets 1 stem inhoudelik ook met dié van Leesbegripstoets 2 ooreen ter wille van verdere vergelykingsmoontlikhede. Teks 1 van albei leesbegripstoetse is informatiewe tekste (advertensies) en tel 20 punte, Teks 2 van albei is strokiesprente en tel 5 punte en beide se Teks 3 is 'n grafiese teks en tel 5 punte (vergeelyk Bylaag A).

Voor die finale data-insameling is die twee leesbegripstoetse tydens 'n loodsondersoek by 'n hoërskool met twee graad 9-Afrikaans Huistaalklasse in Onderwysdistrik X getoets ten opsigte van die algemene verstaanbaarheid van leestekste en vrae, asook die tydstoekenning vir die voltooiing van die leesbegripstoetse. Die loodsondersoek is op dieselfde dag met albei klasse hanteer om toetsomstandighede so ver moontlik dieselfde te hou. Uit die loodsondersoek het dit geblyk dat elke leesbegripstoets slegs 'n halfuur neem om te voltooi; altesaam dus 'n uur. Die tyd vir die twee leesbegripstoetse is dienooreenkomstig vir die data-insameling vasgestel.

### 2.3 Data-insameling

Leesbegripstoets 1 en Leesbegripstoets 2 is op twee afsonderlike dae deur die respondente afgelê, aangesien dit tydens die loodsondersoek duidelik was dat die leerders moeg word. Hulle het 'n halfuur ontvang om elke leesbegripstoets onder gekontroleerde omstandighede te voltooi. Die respondente moes hulle besonderhede op hulle antwoordstelle aanbring. Met behulp van 'n streng kodifisering- en rekorderingstelsel kon die resultate presies met die betrokke hoërskool, respondent, vakpunte, Afrikaansonderwyser en nasiener in verband gebring word sonder om die respondent, die hoërskool of die onderwyser se identiteit bekend te maak.

Die leesbegripstoetse is ewekansig tussen die nasieners verdeel om 'n objektiewe nasienproses te verseker. Weens afwesighede by die verskillende skole op een of beide van die dae waarop die leesbegripstoetse afgeneem is, het slegs 807 van die 823 respondente beide leesbegripstoetse afgelê. Slegs hierdie 807 respondente se data is vir data-analise gebruik.

'n Gesamentlike opleidingsessie is met die nasieners gehou, sodat die nasienwyse so goed as moontlik gestandaardiseer kon word. Die navorser het vooraf lukraak tien leesbegripstoetse onttrek en vir elke nasiener gefotostateer om as 'n oefenlopie na te sien. Verskille in die nasienproses is sodoende uitgeklaar. Aanvanklik is twintig leesbegripstoetse van elke nasiener gemodereer waarna mondelinge en skriftelike terugvoer aan elke nasiener gegee is. 'n Totaal van 10% van al die leesbegripstoetse is uiteindelik gemodereer.

Om die latere data-analise te vergemaklik, is elke vraag se punt in die regterkantlyn aangebring. Elke teks van elke leesbegripstoets se puntetotaal is bepaal, asook die groototaal van elke leesbegripstoets. Dit sou verseker dat die verskillende tekste, maar ook die twee leesbegripstoetse in totaliteit met mekaar vergelyk kon word.

### 2.4 Data-analise

Die leesbegripstoetsdata is in 'n Excel-dokument ingesleutel. Die statistiese verwerkings en berekeninge is met behulp van die SPSS- (SPSS Institute Inc., 2013) asook die SAS-rekenaarprogram (2011) gedoen. Aangesien die studiepopulasie baie groot was, is meer klem op effekgroottes as op statistiese betekenisvolheid geplaas.

### 2.5 Vergelyking van die twee leesbegripstoetse

Die twee leesbegripstoetse is ten opsigte van Cronbach Alpha koëffisiënt- en interitem-korrelasiewaardes, kognitiewe vlakke van die vrae en totaaltellings vergelyk, omdat die respondente vir Leesbegripstoets 2, anders as wat verwag is, 'n beter gemiddelde punt as vir Leesbegripstoets 1 behaal het. 'n Opsomming van die resultate word in Tabel 2 weergegee.

### 2.5.1 *Betroubaarheid van die leesbegripstoetse*

Tydens die data-analise het die Cronbach Alpha-koëffisiëntwaardes (.718 en .729) en die interitem-korrelasiewaardes (.119 by beide leesbegripstoetse) van die gemiddelde totaaltellings van die twee leesbegripstoetse op vergelykingsmoontlikhede gedui, maar dit het geblyk dat 4% respondente Teks 3, of beide Teks 2 en 3, van elke leesbegripstoets nie voltooi het nie. Moontlike verklarings hiervoor is dat die respondente bloot nie die tekste se vrae in die voorgeskrewe tyd kon afhandel nie, óf dat hulle geworstel het met die kognitiewe denkvlakke wat by hierdie visuele of grafiese tekste vereis is, óf dat hulle nie die formuleringswyse van die vrae self verstaan het nie. Die Cronbach Alpha-koëffisiëntwaardes en die interitem-korrelasiewaardes vir hiërdie tekste het aangetoon dat hierdie tekste nie genoegsame betroubaarheid toon nie. Die Cronbach Alpha-koëffisiëntwaardes (.692 en .683) en die interitem-korrelasiewaardes (.148 en .142) het aangetoon dat slegs Teks 1 van die twee leesbegripstoetse wel met mekaar vergelyk kon word. Daarna is die vrae van die twee leesbegripstoetse volgens Bloom se kognitiewe vlakke saamgegroepeer en die Cronbach Alpha-koëffisiëntwaardes daarvan is bepaal om vas te stel of die twee leesbegripstoetse dáárvolgens met mekaar vergelyk kon word. Aangesien die maksimumpunte van die vrae verskil, is met persentasies gewerk. Die twee leesbegripstoetse kon slegs ten opsigte van die vrae wat volgens Bloom se kognitiewe vlak 1 en 2 opgestel is, vergelyk word, aangesien die Cronbach Alp ha-koëffisiëntwaardes vir die betrokke kognitiewe denkvakvrae hoog genoeg is. Die Cronbach Alpha-koëffisiëntwaardes van die vrae wat volgens Bloom se kognitiewe vlak 4, 5 en 6 opgestel is, was telkens te laag (.34 en .40) en daarom kon die gemiddelde waardes van die ooreenstemmende vrae van die twee leesbegripstoetse nie met mekaar vergelyk word nie. Hierdie lae Cronbach Alpha-koëffisiëntwaardes kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die respondente nie die betrokke vrae verstaan het nie, óf dat hulle die vrae glad nie beantwoord het nie omdat die tyd te min was.

### 2.5.2 *Eksploratiewe faktorontleding op leesbegripstoetse*

Ná die betroubaarheidstoets van die leesbegripstoetse is 'n eksploratiewe faktorontleding met die punte van die onderskeie vrae gedoen om vas te stel of groeperinge van vrae by die twee leesbegripstoetse soortgelyk is en of ooreenstemmende faktore by beide onttrek kon word. Dit het by elke leesbegripstoets in ses faktore gegroepeer, maar nié ooreenstemmende faktore nie. Aangesien die eksploratiewe faktorontleding ook nie 'n teoreties of prakties sinvolle vergelykingsbasis ten opsigte van die twee leesbegripstoetse opgelewer het nie, is daar besluit om die twee leesbegripstoetse vraag vir vraag te vergelyk deur middel van 'n afhanklike t-toets ten einde vas te stel of sommige vrae van die een leesbegripstoets dalk ten opsigte van die formuleringswyse, inhoud of taalgebruik deur die respondente as makliker ervaar is as die ooreenstemmende vraag van die ander leesbegripstoets.

### 2.5.3 Itemanalise van die leesbegripstoetse

Met sodanige itemanalise kon Leesbegripstoets 1 deeglik met Leesbegripstoets 2 vergelyk word om verklarings te probeer vind vir die feit dat die gemiddelde punt vir Leesbegripstoets 1 swakker as dié vir Leesbegripstoets 2 is. Die leesbegripstoetse is vraag vir vraag vergelyk en 'n effekgrootte van  $\geq 0.5$  is 'n aanduiding van 'n prakties betekenisvolle verskil tussen die twee vrae binne 'n vraagpaar. Vraagpare waarby 'n effekgrootte van  $< 0.5$  verkry is, is as ewe moeilik of maklik beskou.

Reeds tydens die loodsondersoek was dit duidelik dat leerders nie almal verstaan het wat die volgende frases en begrippe in die leesbegripstoetse beteken het nie: *chronologiese volgorde, intensiewe vorm en alternatief*. Ten spyte daarvan is besluit om hierdie frases en begrippe vir die data-insameling te behou, aangesien dit terme is wat graad 9-huistaalleerders, volgens die KABV (Suid-Afrika, 2011), op die tydstip van data-insameling moes kon verstaan en bemeester.

In Tabel 2 verskyn die resultate ten opsigte van die vergelyking van die twee leesbegripstoetse (vergelyk Bylaag A vir die leestekste). Die afkorting L verwys na Leesbegripstoets, V na Vraag, T na Teks en die term Vlak na die voorgeskrewe onderwysdepartementele kognitiewe vlakke volgens Bloom se taksonomie (vergelyk paragraaf 2.2).



Tabel 2: Vergelyking van vraagpare, totaaltellings en kognitiewe vlakke van leesbegripstoetse

Paar	Leesbegripstoets met vraagnommer en maksimumpunt		Gemiddeld	Standardafwyking	Standaraafout:	<i>p</i> -waarde	Effekgrootte ( <i>d</i> )
1	L1V1	Hoe oud was Harland Sanders toe hy gesterf het?	(1) .83	.37	.013	.141	0.05
	L2V1	Watter ander manier waarop verkoue aansteek, behalwe nies, word in die advertensie bespreek?	(1) .81	.39	.014		
2	L1V2	Waarvoor staan die afkorting KFC (paragraaf 1)?	(1) .85	.36	.013	< .001	0.08
	L2V2	Waarvoor staan die afkorting 'www' (paragraaf 8)?	(1) .82	.39	.014		
3	L1V3	Is die volgende sin in paragraaf 1 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. Dié dat 'n boksie KFC steeds een van jou gesin se heel lekkerste bederwe is.	(2) .94	.93	.033	< .001	0.34
	L2V3	Is die volgende sin in paragraaf 3 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. Mense wat hul hande was en betroubare antiseptiese produkte gebruik, het 70% minder verkoue, griep, oortontsteking, sinusitis en longinfeksies gekry.	(2) 1.26	.68	.024		

Paar	Leesbegripstoets met vraagnommer en maksimumpunt		Gemiddeld	Standaard-afwyking	Standaardfout:	p-waarde	Effekgrootte (d)
4	L1V4	Wat word in paragraaf 4 bedoel met "(het) vlae op alle staatsgeboue in Kentucky vier dae lank halfstok gehang ..."?	(2)	.81	.96	.034	0.34
	L2V4	Wat word bedoel met "taxi jou hande die virus jou liggaam binne." (paragraaf 5)?	(2)	1.13	.93	.034	
5	L1V5	Verskaf slegs een woord uit die stuk vir "'n tydperk van swaarkry".	(1)	.59	.50	.018	0.66*
	L2V5	Verskaf slegs een woord uit die stuk vir "faktuur".	(1)	.26	.44	.016	
6	L1V6	Rangskik die volgende drie sinne in die korrekte chronologiese volgorde – skryf slegs die korrekte alfabetletters neer: a) Harland Sanders begin in 1930 met sy eerste restaurant. b) Met Sanders se dood het vlae halfstok gehang. c) Sanders is op 9 September 1890 gebore.	(1)	.88	.33	.012	<.001
	L2V6	Rangskik die volgende drie sinne in die korrekte chronologiese volgorde – skryf slegs die korrekte alfabetletters neer: a) As jy 48 uur later aan die besmette oppervlak raak, steek jy aan. b) 'n Hoes of 'n nies versprei 'n paar miljoen virusse en kleeft aan alle oppervlakte. c) Antibiotikum moet vir 'n virusinfeksie voorgeskryf word.	(1)	.76	.43	.016	

Paar	Leesbripstoets met vraagnommer en maksimumpunt		Gemiddeld	Standaard-afwyking	Standaraufout:	p-waarde	Effeligppte (d)
7	L1V7	In die titel word “vingerlek-lekker” as intensiewe vorm gebruik. Wat is die korrekte intensiewe vorm van “lekker”?	(1)	.45	.51	.018	0.46w*
	L2V7	Identifiseer die intensiewe vorm in paragraaf 6.	(1)	.68	.47	.017	
8	L1V8	Wat is die funksie van die aksenteke in die volgende geval (paragraaf 4)? Ná sy dood in Desember 1980 het vlae op alle staatsgeboue in Kentucky ...	(2)	.85	.77	.027	0.73**
	L2V8	Wat is die funksie van die hakies in paragraaf 6?	(2)	1.47	.87	.031	
9	L1V9	Gebruik die inligting rakende Harland Sanders en sy franchise-houers en stel drie wenke vir ’n wen-besigheid op.	(3)	.42	.73	.026	1.17**
	L2V9	Som die wenke vir ’n gesonde winter (paragraaf 10) in drie sinne op.	(3)	1.78	1.17	.042	
10	L1V10	Verduidelik onderskeidelik die denotatiewe (letterlike) én konnotatiewe (figuurlike) betekenis van “mense lek hulle vingers af” – verwys na paragraaf 5.	(2)	1.09	.81	.029	0.14
	L2V10	Verduidelik onderskeidelik die denotatiewe (letterlike) én konnotatiewe (figuurlike) betekenis van: “naels te kou” – paragraaf 10.	(2)	1.22	.87	.031	

Paar	Leesbegripstoets met vraagnommer en maksimumpunt		Gemiddeld	Standaard-afwyking	Standarfout:	p-waarde	Effekgroote (d)
11	L1V11	Is die volgende stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks. Harland Sanders was 'n baie veelsydige beroepsman.	(2)	.73	.026	< .001	0.43
	L2V11	Is die volgende stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks. Griep- en verkouevirusse het nie 'n lang leeftydperk nie.	(2)	.92	.033		
12	L1V12	Watter gebeure het tot die toekenning van Harland Sanders se eretitel gelei?	(1)	.51	.018	< .001	0.23
	L2V12	Bespreek wat die alternatief vir handewas vir die reisiger volgens die advertensie kan wees.	(1)	.49	.018		
13	L1V13	Beoordeel die sukses van KFC volgens die stuk.	(1)	.50	.018	.001	0.58*
	L2V13	Beoordeel die sukses van gereelde handewas en die gebruik van antiseptiese produkte volgens die advertensie.	(1)	.38	.014		
14	Totaal Leesbegripstoets 1, Teks 1		[20]	4.04	.141	< .001	0.32
	Totaal Leesbegripstoets 2, Teks 1		[20]	4.47	.156		

Paar	Leesbegripstoets met vraagnommer en maksimumpunt						Gemiddeld afwykingd	Standartaarfout: gemiddeld	p-waarde	Effekygrootte (d)
15	L1V14	Bespreek twee aspekte waaruit jy kan aflei dat die spreker in raampie 1 baie beïndruk met “Google Earth” is.	(2)	.44	.59	.021	< .001	0.02		
	L2V14	Bespreek twee aspekte waaruit jy kan aflei dat die hen haar nie veel aan Haandrik se gedrag steur nie.	(2)	.45	.59	.021				
16	L1V15	Wat beteken die idiomatiese uitdrukking “Ja, dit lyk soos die ware Jakob” in raampie 2?	(1)	.63	.49	.017	< .001	0.61*		
	L2V15	Op watter bekende idiomatiese uitdrukking word in raampie 1 gesinspeel: “... met die verkeerde poot van die stellasie afgetrap.”?	(1)	.33	.47	.017				
17	L1V16	Waaruit kan jy aflei dat die polisieman as kwaai estereotipeer word.(raampie 3)?	(2)	.71	.95	.034	.021	0.56*		
	L2V16	Waaruit kan jy aflei dat die man / haan as kwaai gestereotipeer word (raampie 3)?	(2)	.18	.54	.019				
18	L1V17	Verduidelik waarom Bethlehem kouer as Bloemfontein is al is die twee dorpe se dagtemperatures presies dieselfde.	(1)	.15	.36	.013	.390	0.20		
	L2V17	Waaruit kan jy aflei dat daar reeds lank voor die tyd aan die aanbied van ’n Olimpiese Spele beplan moet word?	(1)	.08	.27	.010				

Paar	Leesbegripstoets met vraagnommer en maksimumpunt		Gemiddeld	Standaard-afwykingd	Standarfout:	p-waarde	Effekgrootte (d)
19	L1V18.1	Watter oorsese stad was op 29 Junie 2012 die warmste?	(1) .59	.49	.018	.030	0.16
	L1V18.1	Watter land het die duurste Olimpiese Spele tot dusver aangebied?	(1) .66	.47	.017		
20	L1V18.2	Van watter leestegniek het jy gebruik gemaak om jou antwoord te kry?	(1) .32	.48	.017	< .001	0.01
	L2V18.2	Van watter leestegniek het jy gebruik gemaak om jou antwoord te kry?	(1) .32	.47	.017		
21	L1V19	Voorspel wat moontlik sou gebeur het as jy op 29 Junie 2012 Kaapstad besoek het en van voorneme was om Tafelberg te besoek. Noem twee aspekte.	(2) .92	.72	.026	.017	0.39
	L2V19	Gebruik die inligting in die teks en verduidelik of die aanbod van die Olimpiese Spele oor die algemeen voordelig of nadelig is. Motiveer jou antwoord baie duidelik.	(2) .61	.79	.028		
22	Vlak 1, Leesbegripstoets 1		54.56	21.14	.758	.001	0.03
	Vlak 1, Leesbegripstoets 2		54.01	18.90	.678		
23	Vlak 2, Leesbegripstoets 1		36.70	19.73	.707	.001	0.69*
	Vlak 2, Leesbegripstoets 2		51.25	20.99	.753		
24	Totaal Leesbegripstoets 1		13.30	5.37	.187	< .001	0.05
	Totaal Leesbegripstoets 2		13.59	5.62	.196		

Die prakties betekenisvolle verskille tussen die vraagpare van die twee leesbegripstoetse (vergelyk die laaste kolom van Tabel 2) word waarskynlik veroorsaak deur die wyse waarop aspekte soos taalkonvensies en woordeskat daarin geassesseer word, die formuleringswyse van bepaalde vrae, die verskille ten opsigte van abstraksievlakke by bepaalde vrae, asook deur die groter of kleiner eis wat aan leerders se vaardighede ten opsigte van bepaalde leestegnieke gestel word. Die vraagpare waarby prakties betekenisvolle verskille voorkom, word vervolgens geanaliseer om die oorsake van hierdie verskille te probeer vasstel.

Leerders se gebrekkige kennis van bepaalde taalkonvensies, asook hulle beperkte woordeskat en agtergrondkennis oor bepaalde kontekste kan die oorsaak wees van swakker beantwoording van leesbegripstoetsvrae. Die respondente moes die *funksie* van *bepaalde lees-* en *skryftekens* in tekste kon identifiseer by Vraagpaar 8 ( $d = 0.73$ ). Die resultate dui daarop dat respondente beter met Leesbegripstoets 2 se Vraag 8 gevaar het. 'n Moontlike rede is dat die respondente meer vertrouwd is met die funksie van hakies in 'n teks as met die funksie van die aksentteken by 'n woord. Dit kan daaraan toegeskryf word dat hakies waarskynlik algemener gebruik word én slegs een funksie het, terwyl die aksentteken eerder met spelling as met beklemtoning verbind word en daarom moeiliker was om te interpreteer. Vraagpaar 10 het die respondente se kennis van *letterlike (denotatiewe)* en *figuurlike (konnotatiewe)* betekenis van frases in konteks getoets. Hulle het effens beter met Vraag 10 van Leesbegripstoets 2 gevaar waar hulle die denotatiewe en konnotatiewe betekenis van “naels te kou” moes verskaf teenoor Vraag 10 van Leesbegripstoets 1 waar hulle die denotatiewe en konnotatiewe betekenis van “mense lek hulle vingers af” moes verskaf. 'n Moontlike rede is dat “naels te kou” bekender aan die respondente en ook meer gebruiklik is as “mense lek hulle vingers af”. In Vraagpaar 5 ( $d = 0.66$ ) moes die respondente *een woord* uit die onderskeie tekste vir 'n bepaalde woord of frase verskaf. Volgens die gemiddeldes het die respondente beter met hierdie vraag van Leesbegripstoets 1 as dié van Leesbegripstoets 2 gevaar. Dit kan moontlik wees omdat die frase “'n tydperk van swaarkry” vir die respondente makliker was as die woord “faktuur” wat 'n besigheidsterm is en redelik onbekend aan die respondente kon wees.

Die formuleringswyse van 'n vraag kan tot swakker beantwoording daarvan lei. Die vraag kan byvoorbeeld só geformuleer word dat dit eerder taalkennis as werklike begrip van die leesteks toets. Die respondente se kennis van *intensiewe vorme* asook die identifisering daarvan in tekste is by Vraagpaar 7 ( $d = 0.46$ ) getoets. By hierdie vrae oor die intensiewe vorme het die respondente beter gevaar met Leesbegripstoets 2. 'n Moontlike rede is dat daar in Leesbegripstoets 2 slegs van hulle verwag is om die intensiewe vorm in die teks te identifiseer. Dit is makliker om 'n intensiewe vorm in 'n teks te identifiseer as om 'n intensiewe vorm van “lekker”, onafhanklik van die teks self, te herroep soos by Leesbegripstoets 1 se vraag. By Paar 16 ( $d = 0.61$ ) is die respondente se kennis van *idiomatiese uitdrukkings* in konteks getoets. By hierdie vrae het die respondente baie beter presteer by Vraag 15, Leesbegripstoets 1 as by Vraag 15, Leesbegripstoets 2. By Leesbegripstoets 1 word 'n idioombetekenis (“... dit lyk soos die ware Jakob”) gevra wat vir die respondente makliker was om af te lei. By Leesbegripstoets 2 is die frase (“met die verkeerde poot van die stellasio afgetrap”)

gegee. Die respondente moes aandui op watter bekende Afrikaanse idiomatiese uitdrukking (“met die verkeerde voet uit die bed opgestaan”) gesinspeel word. Alhoewel albei vrae op idiomatiese uitdrukkings fokus, het die vraag by Leesbegripstoets 2 eerder kennis van ’n idioom as begrip van die teks getoets.

By sekere vrae het ’n hoër abstraksievlak tot die swakker prestasie van die respondente in een van die twee vrae binne die vraagpaar gelei. By Vraagpaar 13 ( $d = 0.58$ ) is van die respondente verwag om ’n saak te *beoordeel*. By hierdie vraag het die respondente beter presteer in Leesbegripstoets 1 as in Leesbegripstoets 2. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die teksonderwerp by Leesbegripstoets 1 vir die respondente bekender (en gevolglik minder abstrak) as dié by Leesbegripstoets 2 is en die beoordelingstaak gevolglik makliker. Leesbegripstoets 2 se onderwerp (*Higiëne*) se abstraksiegraad was waarskynlik hoër as die onderwerp van Leesbegripstoets 1 (*Kentucky Fried Chicken*). By Paar 17 ( $d = 0.56$ ) moes die respondente uit ’n visuele teks (strokiesprent) sekere *afleidings omtrent stereotipering* kon maak. Die respondente kon by Vraag 16, Leesbegripstoets 1 die stereotipering beter uit die strokiesprent aflei as by Leesbegripstoets 2. Dit kan toegeskryf word aan meer én duideliker leidrade in die strokiesprent by Leesbegripstoets 1 (byvoorbeeld die sigbare polisieman in raampie 3) as by Leesbegripstoets 2 waarby die man/haan wat as kwaai gestereotipeer word, glad nie in raampie 3 verskyn nie. Die respondente moes hier slegs uit die twee hennese gesprek ’n afleiding oor die stereotipering maak. Dit het ’n groter eis aan die leesbegrip van die respondente gestel as by die ander leesbegripstoets. Die respondente moes hulle eie *afleidings* uit tekste kon motiveer by Vrae 19 (Paar 21). Die respondente het by Vraag 19 van Leesbegripstoets 1 beter presteer waar hulle moes voorspel wat sou gebeur as hulle Kaapstad op 29 Junie 2012 besoek het en van voorneme was om Tafelberg te besoek. By Vraag 19 van Leesbegripstoets 2 het hulle nie so goed gevaar waar hulle moes verduidelik of die aanbieder van die Olimpiese Spele oor die algemeen voordelig of nadelig is nie. ’n Moontlike rede vir die respondente se beter punte by Leesbegripstoets 1 is dat Kaapstad en Tafelberg as sodanig vir die respondente ’n bekender onderwerp as die Olimpiese Spele was. Die Olimpiese Spele vind vierjaarlik plaas; dus was die respondente waarskynlik minder aan hierdie onderwerp blootgestel. Die begrippe “voordelig” en “nadelig” is ook abstrakter begrippe wat die moeilikheidsgraad van die vraag verhoog het. Natuurlik assesseer beide vrae in vraagpare soos dié leesbegrip, maar die hoër mate van abstraksie by een van die vrae in die vraagpaar veroorsaak waarskynlik dat die betrokke leesbegripstoets uiteindelik nie meer aan die 40-40-20%-verspreiding van die vrae volgens Bloom se taksonomie voldoen nie, want elke keer wanneer die opsteller van die leesbegripstoets nie in ag neem nie, of nie besef nie, dat die betrokke vraag eintlik (vanweë die bytrek van een of ander bemoeilikkende aspek) onder ’n hoër Bloom-vlak ressorteer, word hierdie 40-40-20%-verhouding skeefgetrek (hetsy met ’n vermindering van die persentasie Vlak 1-vrae ten gunste van die Vlak 2-vrae of met ’n vermeerdering van die Vlak 3-vrae).

Sekere vrae toets nie leesbegrip van die teks nie, maar abstrakte kennis van leestegnieke in plaas van toepassingsvaardighede daarvan om die teks te begryp.



Vrae 18.2 (Paar 20) het die die respondente se kennis van bepaalde *leestegnieke* getoets. Die respondente het by Vrae 18.2 van die twee leesbegripstoetse dieselfde gemiddelde punt behaal. Alhoewel die punte dieselfde is, het die respondente nie goed by hierdie vraag presteer nie. 'n Moontlike oorsaak vir die swak prestasie by hierdie vrae is dat die respondente die leestegniek moes benoëm, in plaas daarvan dat hulle die leestegniek moes tóépas om een of ander aspek van die betrokke teks te begryp.

Die groot verskil ( $d = 1.17$ ) tussen die vrae van Vraagpaar 9 (wat beide *opsomming* vereis), spruit waarskynlik uit die feit dat die respondente by Leesbegripstoets 2 die wenke vir 'n gesonde winter, wat alles in een paragraaf (paragraaf 10) verskyn het, moes opsom, terwyl die wenke vir 'n wenbesigheid in Leesbegripstoets 1 oor die hele teks versprei was. Leesbegripstoets 1 se opsomming het dus 'n hoër mate van soek- en vugleesvaardighede vereis.

### **3. Bevindinge ten opsigte van assessering van leesbegrip deur middel van leesbegripstoetse**

Die gemiddelde druppunt wat vir die leesbegripstoetse behaal is, korreleer nie met die respondente se punte vir Afrikaans Huistaal nie, en selfs nie met hulle gemiddelde akademiese punte nie. Hierdie feit het die outeurs van hierdie artikel laat soek na moontlike oorsake van hierdie verskynsel. Uit die voorafgaande kritiese analise en vergelyking van die ooreenstemmende vrae van hierdie twee leesbegripstoetse het dit geblyk dat die respondente se leesbegripstoetspunte in 'n mindere of 'n meerdere mate gekontamineer is deur: (i) onvoldoende tydstoedeling vir die voltooiing van die leesbegripstoetse waarby leesspoed gevolglik 'n medebepalende rol gespeel het; (ii) die assessering van taalkonvensies op sigself in plaas daarvan om taalkonvensies en -strukture as as medebepalende aspekte van leesbegripkonstruksie te assesseer; (iii) formuleringswyses wat sommige vrae op sigself vir die respondente onverstaanbaar gemaak het in plaas daarvan dat dit hulle begrip van die teks geassesseer het; en (iv) die assessering van abstrakte kennis van leestegnieke in plaas van toepassingsvaardighede daaromtrent vir die konstruering van leesbegrip.

Uit die vergelyking van die twee leesbegripstoetse, het dit ook duidelik geword dat die 40-40-20%-verspreiding van vrae op verskillende kognitiewe vlakke, wat as onderwysdepartementele norm vir die saamstel van leesbegripstoetse gebruik word, in 'n mindere of 'n meerdere mate onbedoeld skeefgetrek word deur vrae wat eintlik op 'n hoër abstraksievlak is as wat dit veronderstel was om te wees. Hoër vlakke van abstraksie kan onder andere meegebring word deur laefrekwensie-woordeskat en minder bekende idiomatiese uitdrukkings, asook die stel van groter eise aan die leerders se toepassingsvaardighede ten opsigte van bepaalde leestegnieke. Die 40-40-20%-verhouding van vrae op verskillende kognitiewe vlakke kan ook skeefgetrek word wanneer leesbaarheidsindekse vir die bepaling van die moeilikheidsgraad

van die teks waarop die leesbegripstoets gebaseer is, gebruik word. Soos reeds in die analise van die leesbegripstoets gemeld is, word die moeilikheidsgraad van leestekste deur middel van leesbaarheidsindekse alleenlik gemeet aan strukturele eienskappe van tekste sonder inagneming van die abstraksiegraad van die inhoud en die frekwensie van minder bekende woordeskat. Botha (1996:20) het byna twee dekades gelede reeds in sy ondersoek na die invloed van woordeskat op leesbegrip bevind dat leerders in der waarheid goeie dekodeerders van leestekste is, maar dat hulle dikwels probleme met laefrekwensie-woordeskat, idiomatiese uitdrukkings en teksonafhanklike taalkennis ondervind.

Hoewel die bostaande bevindinge streng gesproke slegs op hierdie leesbegripstoets betrekking het, is die outeurs (waarvan een oor meer as twaalf jaar ervaring van assessering op nasionale vlak beskik) van mening dat dit redelik algemeen op leesbegripstoets, wat volgens onderwysdepartementele voorskrifte opgestel word, van toepassing gemaak kan word, omdat hierdie leesbegripstoets as tipiese voorbeelde van leesbegripstoets, soos wat dit gereeld in skole gebruik word, beskou kan word. Hierdie beskouing is onder andere gegrond op die feit dat daar wyd gekonsulteer is oor die gepastheid van die leesbegripstoets wat in die oorspronklike studie gebruik is. Aangesien die leesbegripvlakke van die 823 respondente so akkuraat as moontlik bepaal moes word, het die navorser die saamgestelde leesbegripstoets aan verskeie ervare onderwysers, vakadviseurs en provinsiale en nasionale leiers op taalassesseringsgebied voorgelê vir hulle kritiese moderering daarvan. Beide leesbegripstoets is deur ál hierdie rolspelers as tipiese onderwysdepartementele graad 9-leesbegripstoets geag – ook wat die 40-40-20%-verspreiding van vrae op kognitiewe vlakke betref.

#### **4. Aanbevelings ten opsigte van leesbegripstoetsing**

By die saamstel van leesbegripstoets moet seker gemaak word dat elke vraag volledig op die assessering van leesbegrip as sodanig fokus en sorg moet gedra word dat daar in alle opsigte aan die voorgeskrewe, normstellende 40-40-20%-verspreiding van kognitiewe vlakke voldoen word, sodat leesbegripstoetspunte op geen wyse deur faktore, soos dié wat hierbo by die bevindinge van hierdie artikel uitgelig is, gekontamineer word nie. Formele assessering van leerders se kennis en vaardighede ten opsigte van taalstrukture en -konvensies moet verkieslik apart van die formele assessering van die leesbegrip geskied.

Die voorgeskrewe 40-40-20%-norm ten opsigte van die verspreiding van vrae op verskillende kognitiewe vlakke moet vir elke afsonderlike leesteks geld. Hierdie voorgeskrewe verspreiding van vrae op verskillende kognitiewe vlakke moet deur die leesbegripstoets as geheel, asook deur elke individuele leesteks, weerspieël word. Dit is tog vanselfsprekend dat leerders se leesbegrip van elke individuele teks (ongegag die tekstipe) op alle kognitiewe vlakke geassesseer moet word voordat die verkreeë

leesbegripstoetspunte ten opsigte van sodanige teks as 'n ware weerspieëling van die leerders se begrip van die betrokke teks beskou kan word.

Uitsprake wat wêreldwyd (Dagget & Hasselbring, 2007:1-11) en ook in Suid-Afrika (Baatjies, 2003:1-14; Bharuthram, 2012:205-214; DBE, 2011:6, Horne, 2002:40-45; Mohlala, 2011:3, WCED, 2009) oor die swak leesbegrip van leerders en die invloed daarvan op akademiese prestasie gemaak word, is waarskynlik, gemeet aan die huidige leesbegripstoetspraktyke, nie akkuraat nie, omdat leesbegrippunte dikwels deur faktore soos dié wat in Paragraaf 3 van hierdie artikel uitgelig is, besoedel word en daarom minder akkuraat gemaak word. Voordat uitsprake oor leerders se leesbegrip gemaak word, moet dus seker gemaak word dat sodanige uitsprake op betroubare leesbegrippunte gegrond is.

## Bronnelys

Baatjies, I. 2003. Reading in South Africa: an overview of policy, programmes and campaigns 1994. *Innovations*, 26:1-14.

Bharuthram, S. 2012. Making a case for the teaching of reading across the curriculum in higher education. *South African Journal of Education*, 32:205-214.

Bloom, B. 1981. *All our children learning*. New York: McGraw-Hill.

Botha, S. 1996. 'n Ondersoek na die waarde en rol van metakognitiewe leesstrategieë vir leesbegrip en moontlike onderrigimplikasies. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg. (Verhandeling – MA.)

Chall, J. & Dale, E. 1995. *Readability revisited: the new Dale-Chall readability formula*. Cambridge, Mass.: Brookline Books.

Daggett, W.R. & Hasselbring, T.S. 2007. What we know about adolescent reading. International Center for Leadership in Education. p. 1-11. <http://www.leadered.com/pdf/Adolescent%20Reading%20Whitepaper.pdf>. Date of access: 1 December 2014.

Department of Basic Education (DBE). see South Africa. Department of Basic Education (DBE).

Horne, T.J. 2002. Education and language transferees. *Education Africa Forum*, 5:40-45.

Mohlala, T. 2011. South African pupils score 'F' for literacy, numeracy. *Mail & Guardian*: 3, 28 June.

Readability-Score.com - Free Online Readability Calculator: Flesch-Kincaid, Gunning-Fog, Coleman-Liau, SMOG, Automated Readability Index. <https://readability-score.com/> Date of access: 1 December 2014.

SAS Institute Inc. 2011. The SAS System for Windows Release 9.3 TS Level 1M0 Copyright © by SAS Institute Inc. Cary, N.C., USA.

South Africa. Department of Basic Education. 2011. Report on the Annual National Assessments of 2011. Pretoria: Department of Basic Education.

SPSS Inc. 2013. IBM SPSS Statistics Version 21, Release 20.0.0, Copyright © IBM Corporation and its licensors. <http://www-01.ibm.com/software/analytics/spss/>. Date of access: 25 March 2013.

Suid-Afrika. Departement van Basiese Onderwys. 2011. Nasionale Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.

Western Cape Education Department (WCED). 2009. Western Cape's literacy and numeracy challenges. Press release by Donald Grant, MEC for Education in the Western Cape, 14 July 2009.

Zimmermann, S. & Hutchins, C. 2003. 7 keys to comprehension. How to help your kids read it and get it! New York: Three Rivers Press.

---

## Leesbegripstoets 1, Teks 1: Steeds vingerlek-lekker (Sarie, Julie 2012) – Informatiewe teks

kfc promotie

# Steeds vingerlek-lekker

Kolonel Harland Sanders het in 1940 sy resep vir braaihoender vervolmaak. KFC roem met reg daarop dat dit vandag nog net so heerlik smaak

**1** SY PASSIE VIR DIE PERFEKTE braaihoender is maar een van die dinge wat kolonel Harland Sanders en sy franchise-houers gemeen het. Al kon min mense sy werkywer nadoen, deel almal by KFC die kolonel se werketiek. Dié dat 'n boksie KFC steeds een van jou gesin se heel lekkerste bederwe is.

**2** Harland Sanders is op 9 September 1890 net buite Henryville, Indiana, gebore. Sy eerste werk op die ouderdom van tien was as plaaswerker. Hierna werk hy tot 1924 onder meer as 'n treinkondukteur, muilversorger in die Kubaanse weermag, ystersmid-assistent, amateur-verloskundige en 'n brandbestryder by 'n spoorwegwerf. In dié jare verkoop hy ook versekering en motorbande en bestuur 'n vulstasie.

**3** Gedurende die Groot Depressie in die 1930's begin hy sy eerste restaurant in 'n vulstasie se voorste vertrekke in Corbin, Kentucky. Hy noem dit Sanders Court & Café. As erkenning vir sy bydrae tot die staat se kookkuns maak Ruby Laffoon, die destydse goewerneur van Kentucky, hom in 1936 'n ere-kolonel van Kentucky.

**4** Ná sy dood in Desember 1980 het vlae op alle staatsgeboue in Kentucky vier dae lank halfstok gehang ter ere van die man wat 'n simbool geword het van gehalte in die voedselbedryf.


**5** Vandag lek meer as 'n miljard mense in meer as 100 lande wêreldwyd jaarliks hul vingers af vir dié lekker hoendermaaltye.




**Blaai om vir opwindende nuus van KFC**

www.sarie.com SARIE Julie 2012 79

Leesbegripstoets 1, Teks 2: Mama Taxi  
(Beeld, 29 Junie 2012) – Strookiesprent



Leesbegripstoets 1, Teks 3: Die weer in Beeld  
(Beeld, 29 Junie 2012) – Grafiese teks



## Leesbegripstoets 2, Teks 1: Skoner hande, minder verkoue (Rooi Rose, Julie 2012) – Informatiewe teks

**{rr} PROMOSIE**

SÊ NOU JY KON 70% VAN VERKOUES KEER VOOR HULLE GEBEUR? AS JY DRIE VERKOUES PER WINTER KRY, SAL DIT JOU TWEE DAARVAN SPAAR. JOU KINDERS OOK. JY KÁN. MET BETER HANDHIGIËNE

# skoner hande minder verkoue



*'n Bietjie ekstra antiseptiese reiniger ... baie gesondheid*

**Gedink jy kan verkoue net aansteek as iemand naby jou nies?**

- Daar is nog 'n manier van aansteek waarop min mense bedag is - handkontak met besmette oppervlakte.
- Die onlangse Dettol-ondersoek oor die Verband tussen Verbeterde Higieëne en Siektevermindering het gewys hoe belangrike goeie handhigieëne saam met die gebruik van antiseptiese seep, oppervlak-ontsmetmiddels en antiseptiese middels is.
- Mense wat hul hande was en betroubare antiseptiese produkte gebruik, het 70% minder verkoue, griep, oorstekening, sinusitis en longinfeksies gekry. Terselfdertyd was daar 80% minder maag-aandoenings soos diarree en 70% minder velinfeksies soos ontsteekte seerplekke en absesse. Gemiddeld was almal 75% minder olik.\* Waar ons vroerêr gefokus het op nies as die manier waarop virusse versprei, wys hierdie navorsing hoe belangrik handhigieëne en antiseptiese sepe is.
- Hoe werk handkontak?** Van al die siektetkeme tel griep- en verkouevirusse onder die taaisste omdat hulle tot 48 uur kan oorleef. Hul oorleef veral goed op glas, vlekvrystaal, plastiek en hout, as dit vogtig en warm is - en dus op ons kombuistoonbankie, tandepastabuisies, die handvatsels van die motordeure, deurknoppe, die toilet, die ketel en die suikerlepel, op krane, op roltrap- en traprelings, op die knoppies van die motorradio, die waterkoeler en die koffiemasjien, en veral op die pen wat die winkelkassier entoesiasies in jou hand prop om jou koopstrokie te teken.
- 'n Nies of hoës versprei 'n paar miljoen virusse oor die omgewing, waar hulle op hierdie oppervlakte klou. As iemand met verkoue selfs net sy neus snuit of sy oë vryf en dan aan hierdie oppervlakte vat, laat sy hande óók 'n paar tot 'n paar duisend virusse daarop agter. As jy aan dieselfde oppervlak raak en dan, selfs tot 48 uur later, aan jou gesig raak, taxi jou hande die virus jou liggaam binne. So steek jy aan.
- Nuttig** Dettol se splinternuwe seepdoeniener met 'n sensortjie wat seep uitspuit as jy jou hand daaronder hou, is higieënies en gerieflik. Dettol se antiseptiese klamdoekies (wet wipen) is ideaal vir die kere wanneer handewas moeilik is. Hou 'n pakkie in jou motor, handsak en jou kind se skooltas.
- \*Verwysing: Uit: "Die Ondersoek oor Bevordering van Higieëne en Siektevermindering", uitgevoer van 2006 tot 2007 onder 740 kinders jonger as vyf.
- Besoek [www.dettol.co.za](http://www.dettol.co.za) vir meer indigting oor Dettol se antiseptiese produkte.**

**10 Wenke vir 'n gesonde winter**

Die beginsels is maklik: was jul hande; hou oppervlakte waaraan mense raak skoon; en gebruik 'n antiseptiese reiniger vir albei.

**Maak so:**

- Leer jou kinders hoe verkouevirusse versprei - met niesdruppels en handkontak. Dan maak die volgende wenke sin.
- Leer aanwensels af, soos om aan jou gesig te vat, naels te kou en jou oë of neus te vryf om te help keer dat verkoue- en griepvirusse vanaf besmette oppervlakte by jou mond en neus uitkom.
- Kweek die goeie nuwe gewoonte om hande te was sodra julle van die skool, werk, winkelsentrum of sport tuis kom.
- As jy siek is, was hande ná elke nies, hoës of neussnuit.
- So was jy deeglik: Maak jou hande nat. Seep jou hande in en vryf hulle vir minstens 20 sekondes: jou palms, die rugkante en elke vinger. Spoel deeglik af.
- 'n Antiseptiese seep of antiseptiese vloeibare seep is die beste.
- Vee kombuis- en badkamer-oppervlakte voor en ná gebruik met 'n antiseptiese reiniger af. Vee veral oor die plekkies waaraan almal vat, soos krane, deksels, die ketel en so aan.
- 'n Laaste wenk: Moenie lepels, bекers en glase, strooikjies, borsels en tandeborsels deel nie - veral nie met iemand wat siek is nie.

JULIE 2012 NOU 2012 89



Leesbegripstoets 2, Teks 2: Kekkel en Kloek  
(Sarie, Mei 2012) – Strookiesprent

**KEKKEL  
& KLOEK**  
deur WIM BOSMAN


1 HAANDRIK HET WIER  
VANNORDE MET DE VER-  
KEERDE POOT VAN DIE  
STELLASIE AFGETRAP.

2 MOU JAAG H4 JOLLE  
ALMAL OP HOL?  
WIE JUIS NIE,

3 SY KAM IS NET 'N  
BIETJIE NERFAF.

www.sarie.com SARIE Mei 2012 179

# Leesbegripstoets 2, Teks 3: 'n Olimpiese pot goud of 'n groot pot skuld? (Huisgenoot, 31 Mei 2012) – Grafiese teks



## OUTEURSBESONDERHEDE

### **Judith Elizabeth (Elize) Vos**

(korresponderende outeur)

Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, 2520

E-pos: Elize.Vos@nwu.co.za

**Dr. Elize Vos** is 'n lektor in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe in die Vakgroep Afrikaans vir Onderwys van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Haar navorsingsbelangstelling is Afrikaanse jeugliteratuur, die leesmotivering van Afrikaanssprekende adolessentelesers, Afrikaanse prosa en poësie, asook Afrikaansmetodiek vir die Senior en VOO-fase.

### **Carisma Nel**

Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, 2520

E-pos: Carisma.Nel@nwu.ac.za

**Prof. Carisma Nel** is 'n navorsingsprofessor in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Sy is 'n Opvoedkundige linguïst wat in leesgeletterdheid vanaf die grondslagfase tot die hoër onderwyssektor spesialiseer. Haar navorsingsfokus is leesgeletterdheid.

### **Ria van den Berg**

Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, 2520

E-pos: Ria.VanDenBerg@nwu.ac.za

**Dr. Ria van den Berg** is as senior lektor werksaam binne die Vakgroep Afrikaans vir Onderwys van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Haar leiding aan nagraadse studente sentreer rondom fasette van die Sosiolinguïstiek en Normatiewe taalkunde en die onderrig daarvan.